:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel XXII. Desember 1954. No. 3.

# DIE KRUGERFEES VAN 1954 EN DIE BETEKENIS DAARVAN.

Graag voldoen ek aan die versoek van die Redaksie om 'n paar indrukke van die Krugerfees weer te gee en om iets te sê oor die betekenis daarvan.

Toe die Krugergenootskap aan die begin van 1953 verlof gekry het om die Krugerstandbeeld na Kerkplein te verskuiwe het ons dadelik besef

Die Krugerfees van 1954 sal 'n uitstaande gebeurtenis in ons volkslewe bly.

dat ons aan die begin van die verwesenliking van 'n groot ideaal van die Afrikanerdom staan en dat daar 'n groot volksfees in die verskiet lê. Planne is toe dadelik ontwerp om die ontbrekende fondse vir die verskuiwing te vind en om die werk self dadelik te laat begin. Hierdie werk het so goed gevorder dat ons op 10 Oktober 1953 die gedenksteen van die nuwe voetstuk kon laat lê. Dit het geskied temidde van 'n groot skare en met die besieling van 'n kragtige rede deur Sy Edele die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, oor Paul Kruger as man van die verlede. Dit

was 'n voorsmaak van die groot fees wat 'n jaar daarna met die onthulling sou plaasvind. Die besieling en die belangstelling was daar.

Daar is toe onverpoosd gewerk aan die voorbereiding vir die groot fees van 1954. Die tegniese werk van die verskuiwing self moes gedoen word, die nodige fondse vir die reusetaak moes die veilige kerf bereik en die reëlings vir die fees moes getref word. Ons het onder biddend opsien tot God die hand aan die werk geslaan en met geloof op seën gearbei. Die fees self is beplan as 'n vierdaagse fees wat oor die naweek van 8 tot 11 Oktober sou strek.

Die feesverrigtinge het die Vrydagaand begin met 'n luisterryke simfoniekonsert deur die Simfonie-orkes van die S.A. Uitsaaikorporasie onder die stok van Hans Schmidt-Isserstedt. Dit was louter genot om na die helde-vererende musiek te luister en met hierdie konsert het die verrigtinge van die naweek op 'n besonder hoë toon begin.

Saterdagoggend het ons die pragtige historiese optog gehad wat gereël is deur die Pretoriase Normaalkollege in samewerking met die Universiteit. Soos die sierwaens by 'n mens verbygegaan het kon groot historiese gebeurtenisse in Kruger se lewe weer voor die geestesoog herleef en het die geskiedenis met 'n duidelike stem gespreek. Ek noem net enkele insidente wat deur die sierwaens voorgestel is: Paul Kruger dra die lyk van komdt-genl. Piet Potgieter uit die ingang tot die Makapaansgrotte; Kruger spreek die skare toe te Paardekraal voor die aanvang van die Vryheidstryd in 1880; die vredesluiting in O'Neill se huisie na die slag van Amajuba; die eerste inswering as staatspresident; Kruger en Steyn reik mekaar die hand met die vernuwing van die Politieke Verbond tussen die Vrystaat en Transvaal, en die oorhandiging van die Ultimatum. Daar was ook 'n sprekende alledaagse toneeltjie: Kruger en sy gade op pad kerk toe.

Terwyl die optog stadig deur die gepakte strate na Kerkplein beweeg het, het daar op Kerkplein self 'n ander plegtige gebeurtenis plaasgevind: die formele oorhandiging van die voltooide monument aan die Voorsitter van die Krugergenootskap en die oordrag daarvan aan die Burgemeester van Pretoria vir veilige bewaring en versorging. By hierdie tyd was Kerkplein al gevul met 'n groot skare waaronder 'n groot aantal oudstryders aanwesig was. Dit was roerend om soveel ou veterane uit die vryheidstryd weer bymekaar te sien. Sy Edele minister N. C. Havenga het van hart tot hart met sy strydmakkers gepraat. Dit alles het 'n mens diep onder die indruk gebring dat ons met dinge besig is wat leef in die harte van ons mense. Dit was warm geskiedenis wat herrys het.

Die Saterdagagtermiddag is deurgebring met 'n puik vertoning van Boeresport uit die verre verlede—dinge wat 'n mens vandag glad nie meer te sien kry nie. Iets sigbaars uit die verlede het voor ons oë afgespeel en iets uit vervloë tye het ons toegespreek. Hierdie mooi agtermiddag is afgesluit met die pragtige seremonie van die vlagstryking wat deur die Lugmag-gimnasium waargeneem is.

Die jaarlikse huldigingsfunksie het die Saterdagaand in die Amfiteater van die Voortrekkermonument plaasgevind. Die opkoms was besonder groot en ook hier is plegtige oomblikke belewe. Die Kruger-tablo van Gerard Beukes, wat deur die Nasionale Toneelorganisasie aangebied is, het ons in die gees teruggevoer na die laaste dae voor die aanbinding van die groot stryd en 'n aangrypende stukkie geskiedenis voor ons oë laat herleef. Ewe besielend was die rede van Sy Edele dr. H. F. Verwoerd oor die simboliek wat daar in die geskiedenis van die Krugerstandbeeld skuil. Aan die einde van die verrigtinge was die groot verhoog een lewende massa van kleurryke volkspelers wat onder leiding van Cecilede Ridder vir 'n gepaste afsluiting gesorg het.

Sondagmiddag se gesamentlike diens in die Stadhuis was indrukwekkend en die pragtige diens het wyding en grootsheid aan die feesverrigtinge verleen. Nog nooit was die opkoms na 'n gesamentlike diens by 'n Krugerfees so groot nie.

Maandagmôre is ingelui deur klokkespel van die plaaslike kerke en om nege-uur het, na 'n kragtige boodskap deur Sy Edele min. J. G. Strydom, die gebruiklike kranslegging by die graf plaasgevind onder die sing van „Slaap rustig dapper helde". Dit was 'n aandoenlike oomblik. Net na die kranslegging het die pragtige optog van leërafdelings, polisie, skoolkinders, Voortrekkers en volkspelers van die kerkhof af met Kerkstraat langs na die plein begin beweeg. Intussen het die plein volgeloop van mense en het die eregaste hul plekke ingeneem. Stiptelik om 9.55 is die Vierkleur op die Ou Raadsaal gehys en is die Transvaalse Volkslied uit volle bors gesing. Hierna het die inleidende dele van die verrigtinge vinnig op mekaar gevolg totdat ons by die hoogtepunte gekom het: die kort huldigingsrede deur Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal en die kragtige redevoering van ons Eerste Minister, dr. D. F. Malan. Hierdie toespraak oor Kruger as man van die toekoms moes 'n mens gehoor of gelees het om onder die aangryping daarvan te kom. Net na die rede het dr. Malan stadig van die verhoog aan die noordekant van die plein na die monument gestap om die onthulling waar te neem. Toe die onthullingsdoek met sy

vierkleurbane val, het een-en-twintig saluutskote vanaf die terrein voor die Stadshuis begin knal en het die sestien Harvard-vliegtuie in formasie van die suidekant oor die plein gedreun met die drie spuitvliegtuie in saluutvlug kort agter hulle. Dit was plegtige oomblikke en die gewyde stemming is nog verhoog deur die kranslegging by die standbeeld wat daarop gevolg het. Die Goewerneur-Generaal het die eerste krans gelê en hy is gevolg deur die Eerste Minister wat 'n krans namens die Unie-regering gelê het. Daarna het buitelandse verteenwoordigers en nog baie ander kranse gelê. Net na die kranslegging het min. Havenga die teken gegee vir die loslating van die duiwe. Dit was pragtig om die duisende duiwe die lug te sien inkring en rigting kies na baie dele van die land om die boodskappe wat op die borswerings van die monument staan te gaan aflewer: simbool van die boodskap wat gedurig van hierdie monument na ons volk sal uitgaan

Na 'n slotwoord deur 'n ander oudstryder, sen. C. A. van Niekerk, was hierdie heuglike oggend verby maar die grootsheid van die gebeurtenis, die gewydheid van die stemming, die aandoening van die verlede en die hoop vir die toekoms wat hier ondervind is, sal bly voortleef in die herinnering van die wat daar was of na die verrigtinge kon inluister. 'n Hoogtepunt in ons geskiedenis is intens belewe deur 'n reuseskare van die volk, saam en innig verbonde met die owerheid en leiers van die volk. Dit is 'n enige gebeurtenis wat 'n mens nie kan vergeet nie.

By die erns en gewydheid van die verrigtinge was daar 'n begryplike ondertoon van vreugde en dit het die Maandagaand na vore gekom met die volkspelevertoning deur sowat 1,500 volkspelers op die Caledoniese terrein onder die bekwame leiding van Cecile de Ridder. Ook hier was daar 'n groot menigte mense en die vreugdestemming was voelbaar.

Die Krugerfees van 1954 sal 'n uitstaande gebeurtenis in ons volkslewe bly. Alles het beter verloop as wat verwag kon word. Die seën van die Here was daar en in menige hart was daar dankbaarheid dat die dinge kon gebeur en so goed was. Die verteenwoordigers van die buitelandse regerings het die verrigtinge van die Maandagoggend bygewoon en hulle praat met groot lof van die fees. Sommige van hulle getuig dat hulle nog nooit soiets gesien of beleef het nie. Dit stem 'n mens tot dankbaarheid en dit kan ons land alleen ten goede kom.

Hoewel die hele fees maar net 'n burgerlike funksie was, het ons owerheidspersone van die Goewerneur-Generaal af met die volk saamgeleef in hierdie fees en gehelp om die verrigtinge 'n groot sukses te maak. So 'n

pragtige medebelewing van 'n groot gebeurtenis deur owerheid en onderdane saam rondom die sentrale figuur uit ons geskiedenis was daar nog nooit gewees nie. As dit die patroon van ons toekomstige volksfeeste gaan wees, dan het ons werklik iets bereik.

As 'n mens vra na die rede vir die verhewenheid van ons volksfeeste, soos ons ook nou weer met hierdie fees gesien het, dan kan die antwoord alleen wees omdat ons feeste gebou word op en gedra word deur die Christelike grondslag van ons volkslewe. Dit is iets skoons in 'n wêreld waarin die fundamente orals dreig om weg te sak. Maar dit sal alleen so bly as ons die edelste stemme uit ons volksverlede, wat nou weer so kragtig gespreek het, diep in ons gemoed opvang en dit daar in die stilte van ons hart vertroetel en laat groei tot dade wat 'n lynvaste uitbouing van ons heldeverlede sal wees. So bou ons die toekoms op dit wat goed en skoon in ons eie volksverlede is.

In Paul Kruger het ons een van die suiwerste stemme uit die verlede en die verpersoonliking van ons edelste erfnis. In hom sien ons die beliggaming van ons vryheidstrewe, maar dan 'n vryheid wat steeds binne die wet van God gesoek moet word; in hom het ons die strewe na die verwesenliking van die Calvinistiese grondslag van ons volksbestaan op alle terreine van die lewe, en in hom het ons ook die onwrikbare geloof aan die toekoms van ons volk.

Hierdie geestelike besit van ons volk kon nie tot sy reg kom en die Krugerboodskap kon nie die regte ingang vind solank die standbeeld van die man wat hierdie dinge vir ons simboliseer nog as banneling om sy regte plek geswerf het nie. Aan die eie het daar nog steeds gekleef die stigma van verbanning. Met die verskuiwing van die Krugerstandbeeld na sy regmatige plek het die eie nader na ons toe gekom, gaan dit nie meer gebuk onder die smaad van gepoogde vernietiging en verwerping nie; nog meer, die eie van ons verlede is op sy ereplek herstel, dit het weer die volle, herstelde eiendom van ons volk geword. Dit is die sentrale betekenis van die verskuiwing van die Krugerstandbeeld, en die toetsvraag, wat dr. Malan so treffend aan die einde van sy toespraak gestel het, is nou: „Wat gaan jy, en wat gaan jou volk met jou, met Paul Kruger maak? Laat die geslag van vandag, en laat die geslagte wat nog sal kom, daarop antwoord gee!"

G. F. DE VOS HUGO.
Voorsitter, Krugergenootskap.